# EBW: GRAAD 8
# OPSOMMENDE NOTAS

## Die Suid-Afrikaanse regering





### 'n Land se regering…

…moet seker maak dat orde in die land gehandhaaf word. Dus beheer en administreer die regring die land / die staat.

…moet toesien dat daar genoeg geld is vir infrastruktuur en dienste, soospaaie, hospitale, skole, polisie, water en elektrisiteit.

...bestaan uit 'n groep mense wat beleide opstel en wette maak vir die land.

### SA = demokratiese land:

Nasionale verkiesings: Die landsburgers stem vir die regering wat hul graag wil hê aan bewind moet wees.



### Belasting moet deur die regering gebruik word, om seker te maak…

…dat dienste en infrastruktuur in plek gestel word vir die landsburgers – om sodoende die ekonomie te laat groei.

…dat die burgers die landswette gehoorsaam.

… dat die staat effektief bestuur word.

# Vlakke van die regering

**SA het ongeveer 61 miljoen burgers.**

**Hierdie burgers word deur verskeie vlakke van die rekering bestuur.**



**NASIONALE REGERING**

**Oppergesag oor SA en bestaan uit 3 takke:**

Wetgewende tak

Uitvoerende tak

Regterlike tak



**PROVINSIALE REGERING**

**Maak die nasionale regering se werk makliker.**



**PLAASLIKE REGERING**

**Elke provinsie het munisipaliteite om te help om elke provinsie te bestuur.**

| | | |
|---|---|---|
| **Deel verantwoordelikheid met die provinsies.**<br><br>**Die parlement bestaan uit twee Huise:**<br>1. Nasionale Vergadering<br>2. Nasionale raad van Provinsies<br><br>**Wetgewende tak**: SA se Parlement = Maak wette van die land.<br><br>**Uitvoerende tak:** President, Adjunk-president en die ministers = Lei die land.<br><br>**Regterlike tak:** Konstitusionele Hof, Hoogste Hof van Appèl, magistraatshowe = Kyk dat geregtigheid geskied as wette oortree word.<br> | **Maak die nasionale regering se werk makliker.**<br>**Elke provinsie het sy eie regering.**<br>**Elke provinsie het sy eie Premier (hoof van die regering & provinsie) en wetgewende tak.**<br><br>Word verbind deur wette en beleide wat op nasionale vlak opgestel word, maar hul kan hul eie wette en beleide binne die raamwerk van hierdie wette opstel, om by die provinsie se behoeftes te pas. Die wette mag nie teenstrydig wees met die van die Grondwet van SA nie.<br><br>Doen verslag aan die Nasionale Raad van Provinsies (NRVP). | **Elke provinsie het munisipaliteite om te help om elke provinsie te bestuur.**<br><br>SA het 257 munisipaliteite.<br><br>Munisipaliteite rapporteer terug aan die Provinsiale regering.<br><br>**Doelwitte van ons munisipaliteite:**<br>• Om 'n demokratiese en rekenpligtige regering vir gemeenskappe te verskaf.<br>• Om dienste aan gemeenskappe te lewer.<br>• Om maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling te bevorder.<br>• Dit is die plaaslike regering se taak om landsburgers te voorsien van 'n veilige en gesonde omgewing en so ook dienste te lewer soos: water, elektrisiteit en behuising. |

## Die regering, huishoudings & besighede

**Alle mense moet toegang hê tot hulpbronne en dienste, sodat die land doeltreffend kan funksioneer.**


**Dit sluit huishoudings en besighede in.**




Geld beweeg deur die ekonomie wanneer huishoudings hul arbeid aan besighede 'verkoop'.

Die besighede gee weer in die vorm van salarisse en lone geld aan die huishoudings.

Dus is die besighede en die huishoudings produsente, sowel as verbruikers..




**Die regering se rol wanneer geld tussen huisoudings en besighede vloei:**






## Die regering & belasting

**Huishoudings betaal belasting aan die nasionale regering.**

- Belasting word op verkeie verbruikersgoedere gehef.
- Die regering gebruik dan weer die belasting en gee dit aan plaaslike en provinsiale regerings om munisipaliteite te bedryf en dienste te lewer wat huishoudings kan gebruik.

## Geldvloei tussen die Regering en huishoudings








## Die regering & besighede



**Besighede...**

- ... neem lede van die gemeenskap (huishoudings) in diens en betaal hul vir hul arbeid.
- ... betaal ook belasting.
- ... gebruik ook die dienste wat die provinsiale -/ plaaslike regering voorsien.

**‘n Sterk ekonomie help dat besighede groei.**

- Besighede sal meer mense kan aanstel en dus sal meer mense belasting betaal.
- Nou kan die regering meer geld aan plaaslike- en provinsiale regerings gee, sodat beter en meer dienste aan huishoudings gelewen kan word.



**Die Regering...**

- ...het wette in plek om seker te maak dat daar regeverdige mededinging tussen besighede plaasvind.

  Die wette help ook dat die ekonomie effektief kan groei.

## Geldvloei tussen die Regering en besighede

**Die Nasionale regering kan meer geld aan provinsiale- en plaaslike regerings verskaf, wat meer en beter dienste aan besighede en huishoudings kan lewer.**

**Besighede betaal belasting aan die regering, neem lede van huishoudings in diens. Hul gebruik dienste en hulpbronne wat die regering verskaf.**

**Die Nasionale regering reguleer die wyse waarop besighede funksioneer en help om die ekonomie te versterk.**

**Besighede kan ook groei as die ekonomie sterk is. Besighede kan dan meer mense in diens neem en meer huishoudings sal dan belasting betaal.**

**Hoe meer mense, vanuit huishoudings, ‘n werk het – hoe meer belasting sal die regering ontvang.**

